

# InfoForum

## Nuusbrief van die Potchefstroomkampus-Biblioteke

NWU

IN HIERDIE UITGAWE:

Bladsy

1 - Nuwe tuisblad
2 - "Discovery tools"
2 - Relay for life
3 - Ongelooflike breinreis
3 - Kursusse
4 - Lekkerlees boeke
4 - Biblioteekweek
5 - Eweknie-evaluering
6 - Thakaneng
6 - Oortollige boeke
6 - Boekuitstalling
7 - Argitektoniese herevaluering
8 - Akademiese diskoerse
9 - E-boeke
9 - Seminaarlokale
9 - Personeel

## Nuwe tuisblad (Beta-toets)

Die Biblioteek is gereeld besig om te kyk na nuwe funksionaliteite om die biblioteekwebblad te verbeter. Een van die funksionaliteite wat nou wêreldwyd kop uitsteek is om die katalogus en databasisse via die tuisblad direk soekbaar te maak deur middel van "widgets" in "tabs".

Ons ondersoek ook die moontlikheid om gebruik te maak van 'n Discovery "tool" waaree daar tegelykertyd gesoek kan word in die katalogus sowel as in verskeie prominente databasisse (meer daaroor op die volgende bladsy).

Die gebruik van "tabs" help om die tuisblad 'n skoner voorkoms te gee met meer gedefinieerde opskrifte.




Gaan kyk gerus na die webblad by http://www.nwu.ac.za/af/library/index_a.html. Enige kommentaar en voorstelle rakende die blad word verwelkom en kan gestuur word aan fpbweb@nwu.ac.za.

NS.: Blitsskakels met skakels na databasisse onder, kan nou gevind word by die laaste groen "tab" op die Biblioteek se webblad.

# "Discovery tools"

Deesdae word akademiese biblioteke vasgevang deur die massa verskuiwing van bronne van 'n gedrukte na 'n elektroniese medium, en die uitdagings wat dit meebring om inligting vinnig en doeltreffend op te spoor. Wêreldwyd ondersoek biblioteke al vir jare die moontlikheid om aan hul gebruikers 'n eenvoudige en gerieflike Google-styl soekmeganisme voor te hou wat as "eenstop" soekenjin oor 'n wye verskeidenheid van databasisse sowel as plaaslike inhoud sal soek. Databasis-uitgewers bedryf hul produkte op verskillende platforms met verskillende soekmeganismes wat tyd neem om te leer en gebruikers soms gou die aftog laat blaas.


Nuwe "unified-index discovery tools", soms genoem "nextgeneration library catalogues", is besig om op die mark te kom. Biblioteke kyk met afwagting na hierdie nuwe oplossing wat beloof om goeie resultate vinnig en doeltreffend te verskaf. WorldCat Local (WCL) en EBSCO Discovery Service is twee van hierdie eenstop-soekenjins wat tans deur die NWU biblioteekdienste ondersoek word.

'n Paar kenmerke van die WCL:

- Die enkelvoudige koppelvlak of soekruimte ("single search box") verskaf onmiddellike toegang tot plaaslike biblioteekmateriaal maar ook tot 'n wye verskeidenheid elektroniese databasisse, e-tydskrifte, proefskrifte en verhandelinge, katalogi en vele meer.
- Resultate vertoon die mees toepaslike/relevante bronne deur plaaslike besit aan die bo-kant van die lys aan te bring (sg. "Relevancy ranking"). Hierdie orde kan maklik verander word deur te sorteer volgens datum, outeur of titel.
- Bronformate word met ikone aangedui en soektogte kan maklik daarvolgens afgeperk/afgebaken word.

  Book eBook Thesis/dissertation Computer File Article Peer-reviewed

- Direkte skakels na volteks artikels en e-boeke.
- Boekomslae word vertoon, met toegang tot die inhoudsopgawe en Amazon.com se resensies. Beskikbaarheid in biblioteke is verkrygbaar met die druk van 'n knoppie.

4. 


**Matrix analysis**
by Rajendra Bhatia
Book
Language: English
Publisher: New York : Springer, 1997.
Database: WorldCat.org
Libraries that own this item: **North-West University Libraries**

View Now Availability Editions and formats »

- Meer as 943 miljoen items is deur die WCL sigbaar na biblioteek-versamelings van dwarsoor die wêreld. Interbiblioteek-moontlikhede na bronne wat nie plaaslik beskikbaar is nie.

Kyk gerus na die beta-weergawe van die WCL soos dit plaaslik geïmplementeer is by http://www.nwu.ac.za/library/index_a.html en rig asb. u kommentare aan fpbweb@nwu.ac.za

## Relay for life 17 - 18 Maart 2012

Die spannetjie van die NWU Biblioteekdienste was op Saterdag 17 Maart vuur en vlam om deel te neem aan die Relay for life. Skuins na vyf uur die middag het die spanlede opgedaag en is die tent opgeslaan met die welkome hulp van ons familielede. Die gades, kinders en vriende het saam met ons kom deel in hierdie verdienstelike saak en het die tyd saam geniet. Daar is pannekoek, boereworsrolle, sop en koffie geëet en gedrink en natuurlik GESTAP ook. Die nag was lank en koud maar die bittereinders het 'n hele paar kraletjies bymekaargemaak met hul rondtes om die baan. Die besondere gees van hoop, dankbaarheid en herinnering van hierdie geleentheid het ons diep geraak. Wie stap volgende jaar saam?



# Ongelooflike breinreis
# 4de jaar LLB-studente (JURI 317 )


27 Februarie 2012 en 1 Maart 2012

Prof Willemien du Plessis en mnr Jacques Matthee het met groot moeite die ongelooflike breinreis vir die studente deur die Bib beplan. Elke span het `n kaartjie gekry met opdragte vir bronne wat hulle in die Bib moes vind. Sodra die opdragte op `n kaartjie, voltooi is het hulle "tokens" gekry waarmee hulle `n volgende kaartjie met opdragte kon kry. Die groep wat al sy opdragte voltooi het, kon met al hulle "tokens" aanmeld by die Direkteur van die Biblioteekdienste se kantoor.

Die studente het met baie deursettingsvermoë en baie breinkrag deur die Biblioteek geskarrel op soek na boeke, tydskrifartikels, wette, hofsake en regulasies. Hulle is veral uitgedaag om op gedrukte bronne te konsentreer - iets wat die student van vandag minder teëkom. Sommige Prokureurs verkies egter dat die studente tog steeds die gedrukte regsbronne moet ken.

Die studente het met hierdie breinreis gesien hoeveel bronne daar tot hulle beskikking is en dat dit nie altyd so maklik is om dit te vind nie.

Die wenspan gratis koffie en koek by die Ferdi`s gekry geborg deur die Biblioteek. Daar was twee wenspanne.








## Kursusse

Carine Basson en Jubrie Oosthuizen het die "Library Collection Management & Policies for e-Publications"-kursus vanaf 12-16 Maart 2012 in Midrand bygewoon. Die portefeulje van kursusse verskaf 'n waardevolle geleentheid om die omvang van e-bronne te verstaan, asook om deur die beplande en gereguleerde insluiting van e-tydskrifte, e-boeke, beeldversamelings, ens. die bronne ten beste te bestuur in 'n groeiende biblioteekversameling.




LIASA het in samewerking met die Amerikaanse ambassade 'n reeks gratis werkswinkels aangebied oor die voorsiening van gesondheidsinligting deur Openbare Biblioteke aangebied. Marieta Buys en Erika Rood het, as lede van LIASA NWU, die werkswinkel in Rustenburg bygewoon op 13 Maart 2012.

Marieta en Erika was aangenaam verras met die inhoud van hierdie werkswinkel. Aanvanklik het hulle gedink dat die onderwerp nie werklik relevant is vir die Universiteitsbiblioteek nie, maar het gedurende die aanbieding besef dat studente in Verpleegkunde, Farmasie, Maatskaplike Werk en selfs navorsers in vakke soos Fisiologie, Biochemie en Verbruikerswetenskappe by hierdie inligting kan baat. Dit sal veral handig gebruik kan word wanneer hulle afgestudeer het en nie meer toegang tot die Biblioteek se databasisse het nie.

Die NWU-studente het dikwels vir persoonlike doeleindes ook algemene gesondheidsinligting nodig. Nouer samewerking tussen die Biblioteek en die Gesondheidsorgsentrum op kampus kan verspreiding van hierdie tipe inligting vergemaklik. Nuttige skakels waarvan kennis geneem is tydens die werkswinkel is ook na die vakbibliotekarisse en Gesondheidsorgsentrum gestuur. Die aanbieders, Martha Earl en Cynthia Vaughn, is albei opgeleide bibliotekarisse wat by die Mediese Biblioteek van die University of Tennessee werksaam is. Dit is ook deel van 'n opleidingshospitaal en studente sowel as pasiënte maak van hulle biblioteek gebruik.

# Lekkerlees boeke

Het u geweet dat die Biblioteek deesdae baie lekkerlees-boeke aankoop om almal op die kampus aan te moedig om die biblioteek meer te gebruik en meer te lees? Daar is 'n rakkie vir nuwe boeke in die Uitleenarea waar baie interessante nuwe boeke uitgestal word om uit te neem. U kan ook op die rakke gaan soek vir Afrikaanse fiksie by 839.363 en Engelse fiksie by 823. U kan ook vra dat die boeke vir u bespreek word.

Hier is maar enkele interessante titels wat ons die afgelope jaar ontvang het.

- The archivist's story / Travis Holland.
- Aunt Julia and the scriptwriter / Mario Vargas Llosa; translated by Helen R. Lane.
- Nemesis / Jo Nesbø; translated from the Norwegian by Don Bartlett.
- The God species : how the planet can survive the age of humans / Mark Lynas.
- God is not a Christian : speaking truth in times of crisis / Desmond Mpilo Tutu; edited by John Allen.
- Bitter fruit : a novel / by Achmat Dangor.
- David Kramer : a biography / Dawid de Villiers and Mathilda Slabbert.
- Byleveld : dossier of a serial sleuth / Hanlie Retief; translated from the Afrikaans by Elsa Silke.
- Hitler's private library : the books that shaped his life / Timothy W. Ryback.
- Sir David Pieter de Villiers Graaff : die erfridder van De Grendel / Ebbe Dommisse.
- Figuring out father / Athelé Oosterbroek.
- Tutu : the authorised portrait / Allister Sparks and Mpho A. Tutu; foreword:
- Bono; introduction: His Holiness the Dalai Lama; edited by Doug Abrams.
- Meer as rugby / Pierre Spies met Myan Subrayan.
- Wynand Claassen : kaalvoetklong tot rugbytoks.
- Albert Luthuli : bound by faith / Scott Couper.
- The litigators [text (large print)] / John Grisham.
- Steve Jobs / Walter Isaacson.
- When God was a rabbit / Sarah Winman.
- Die hart van Nelson Mandela: die epiese verhaal / Kobie Korf.
- Oor krygers, korrelkoppe en konkelaars : ongewone verhale uit ons verlede / Max du Preez.
- Die dood van die God van my vaders : hoe die lewe in die township Mamelodi my godsbeskouing verander het / Nico Smith.
- Vier briewe vir Jan Ellis / Steve Hofmeyr.
- As die eland struikel / Martie Muller.
- Dwarstrekkers, dwepers en dokters : merkwaardige vertellings uit die Anglo-



- Boeroorlog / J.C. (Kay) de Villiers.
- Roald Dahl's book of ghost stories.
- Wals met Matilda / Dan Sleigh.
- Verklikker / Leon van Nierop.
- Die jakkalsdans / François Loots.
- Toorwoorde roep my / Valiant Swart.
- Pik Botha en sy tyd / Theresa Papenfus.
- Pik Botha and his times / Theresa Papenfus ; text translated from the Afrikaans by Sandra Mills.
- Advocates for change : how to overcome Africa's challenges / edited by Moeletsi Mbeki.
- Evita se BlackBessie / Evita Bezuidenhout; uit die Engels vertaal deur Elizé Lübbe.
- My mother, my mirror : recognizing and making the most of inherited self-images / Laura Arens Fuerstein.
- Abel se lot / Chris Karsten.
- Oor bokdrolletjies en rosyntjies / Jonathan Jansen.
- 'n Seun soos Bram : 'n portret van Bram Fischer en sy ma Ella / Hannes Haasbroek.
- Fruit of a poisoned tree : a true story of murder and the miscarriage of justice / Antony Altbeker.
- Wilhelmina Radebe kom tuis / Marinda van Zyl.
- Sirkusboere / Sonja Loots.




## Biblioteekweek: 17 - 24 Maart 2012

Gedurende Biblioteekweek was daar in samewerking met die Skryflab oor vier dae 36 opleidingsessies geskeduleer. Die volgende was aangebied:

- Hoe om boeke te soek
- Hoe om tydskrifte te soek
- Hoe om 'n bronnelys saam te stel
- RefWorks Basies vir Nagraadse studente
- RefWorks Gevorderd vir Nagraadse studente
- SkryfLab

# Eweknie-evaluering: Amptelike verslag soos verskaf deur Kwaliteitskantoor






In 2010 is die Biblioteek in kennis gestel dat 'n eweknie–evaluering op 18 en 19 Oktober 2011 sou plaasvind. 'n Paneel van sewe lede – vier biblioteekhoofde van ander universiteite, en drie senior akademiese personeellede van NWU, Potchefstroomkampus – het die Biblioteek se dienste, fasiliteite en inligtingsverskaffing beoordeel volgens vasgestelde kriteria.

Verskeie aspekte van die biblioteek is beoordeel, en soos in die geval van die Self-evaluering, is vier verskillende graderings van toepassing, nl.

- "Commendation" , (voldoende)
- "Meets minimum standards" (voldoen aan minimum standaarde),
- "Needs improvement" (dit kan verbeter), en
- "Does not comply" (voldoen nie aan minimum standaarde).

| Criteria | Panel decision |
|---|---|
| 1. Goals, priorities and management | *Commendation* |
| 2. Service(s) and/or product(s) provided to one or more of the three core areas of the NWU, namely teaching and learning, research and community engagement/implementation of expertise | *Commendation* |
| 3. Staff | *Needs Improvement* |
| 4. Infrastructure and IT systems | *Commendation* |
| 5. Partnerships with other support units | *Meets Minimum Standards* |
| 6. User surveys and impact studies | *Commendation* |

Die Biblioteekdienste kan met trots sê dat die geheel-evaluering "Commendation" is, wat 'n ongelooflike pluimpie vir die hele biblioteekpersoneel is, en al die dienste en fasiliteite wat daarmee gepaardgaan.

Die opdrag is voorts dat die biblioteekbestuur 'n verbeteringsplan moet opstel saam met die Vise-rektor: Navorsing en Beplanning om probleem-areas soos uitgewys, aantespreek op die kort-, medium- en langtermyn.

Sake wat onmiddellike aandag gaan geniet, is die aanspreek van die geraasvlakke in die Biblioteek, verhoogde rekenaartoegang vir gebruikers, beplanning van 'n navorsings- en inligtingsmeent vir nagraadse en voorgraadse studente, doelmatige uitbreiding van gekwalifiseerde personeel, die opstel van 'n diensooreenkoms met ander dienseenhede van NWU en die opknapping van toiletgeriewe.

Aan die einde van 'n intensiewe introspeksie na interne prosesse en prosedures, is die Biblioteekdienste dankbaar vir 'n baie positiewe verslag en baie entoesiasties om te verbeter in daardie areas soos aangedui. 'n Groot dankie aan almal wat bygedra het tot 'n goeie diens en 'n suksesvolle evaluering!

# Thakaneng: Boekoorhandiging



Die Ferdinand Postma-Biblioteek het weereens boeke geskenk, aan die Thakaneng Sentrum in Ikageng hierdie keer ter waarde van R8 000.00.

Die skuiling huisves en versorg straatkinders.

Die Biblioteek het, t.o.v. die keuse van boeke, hulle laat lei deur die behoefte van die sentrum. Dit is bepaal na samesprekings met die hoof van Thakaneng, Me. Corrie Engelbrecht, en Suzette Coetzee van die Biblioteek.

Aangesien die inwoners van Thakaneng 13 verskillende skole bywoon, was die grootste behoefte aan opvoedkundige boeke wat inligting kan verskaf vir die baie uiteenlopende skooltake wat gedoen moet word.

Die oorhandiging van die boeke het Vrydagoggend 16 Maart 2012 by Thakaneng plaasgevind. Die Biblioteek se verteenwoordigers was Suzette Coetzee, Alinah Madwala en Janie Lamprecht.

Corrie Engelbrecht het hulle kortliks ingelig oor die werkswyse daar en ook vertel van hulle ondersteuningstelsels, asook van hulle probleme en frustrasies.

'n Kort toer deur die eetplek, slaapsale en klere-stoor was indrukwekkend; eerstens weens die eenvoud en die ontdekking dat net die basiese noodsaaklikhede daar is, en tweedens, die merkwaardige netheid en presisie waarmee alles bestuur word!

Dit was om die minste daarvan te sê, 'n ervaring wat die hartsnare geroer het!!! Die harte van liefde, wat die dryfveer van dit alles is, het ons woordeloos gelaat.

Die Biblioteek het ook 'n verrassing vir hulle gehad: Louw Venter het vir die sentrum 'n CD gemaak wat gratis beskikbaar is op die internet, nl. WikiSchool. Dit is op die hoof se rekenaar geïnstalleer en sy kan dit nou op al die ander rekenaars van die kinders installeer. Dit is ongeveer gelykstaande aan 'n enskiklopedie met 20 volumes! Hulle was baie, baie dankbaar!!!

Met die vertrek het die ou waarheid weer in ons gemoed kom lê: Dit is beter om te gee as om te ontvang!

Indien die Biblioteek dalk iewers iets kon bydra tot hul visie: "A dream came to reality, where children can see at last a light at the end of their dark tunnel", dan voel ons bevoorreg!

## Oortollige boeke

Die Biblioteek ontvang op gereelde basis skenkings van gebruikte boeke op voorwaarde dat ons na goeddunke daarmee kan handel. Na sorgvuldige oorweging word van die boeke ingeskakel, aan ander instansies geskenk of beskikbaar gestel aan personeel en studente op die kampus. Kriteria waarvolgens besluit word of geskenkte materiaal opgeneem word, is soos volg:

Deeglike besitkontrole, bepaling van relevansie tov die studierigtings en navorsingsgebiede van die Kampus, die datum van uitgawe en taal waarin die boeke gepubliseer is. Aangesien die Biblioteek geen ruimte meer het om onnodige duplikate op te neem nie, gaan ons voortaan die oortollige boeke, indien beskikbaar, op Maandagoggende voor 10:00 op die spesiale rak in die voorportaal van die hoofbiblioteek plaas om gratis geneem te word. Van die takbiblioteke (Teologiese Biblioteek, Musiekbiblioteek en die Opvoedingswetenskappe- Biblioteek) het 'n soortgelyke reëling.

## Boekuitstalling

Die Ferdinand Postma-Biblioteek reël vanaf 22 tot 24 Mei 2012 'n boekuitstalling in die Galery.

Die klem val hierdie jaar op e-boeke en van die belangrikste rolspelers in die e-boekbedryf, nl. EBSCO, Swets Information Services en Springer Science & Business Media SA gaan hulle produkte demonstreer. Ander uitgewers gaan ook boeke en katalogi uitstal.

## Argitektoniese herevaluering van ruimtes


Reeds ŉ paar jaar gelede is die behoefte aangevoel dat die ruimtes soos dit tans daar uitsien, behoort te verander na gelang van gebruikersbehoeftes, en is veral die leemte aan ŉ toegewysde navorsingsafdeling aangevoel. Mee Hester Spoelstra, Suzette Coetzee, Louise Vos en ander kollegas het oor die verloop van tyd besoek gebring aan biblioteke waar sodanige ruimtes klaar ingerig en/of in ŉ beplanningsfase was. Waardevolle inligting is sodoende ingewin vir die beplanning van sinvolle heraanwending van biblioteekruimtes om in ons eie gebruikerskorps se behoeftes op ŉ unieke wyse te voorsien.

Dr Tom Larney het laat-2011 die dienste bekom van ŉ argitek, mnr. Geoff de Wet, gesoute argitek wat betref die beplanning en herinrigting van biblioteke, en derhalwe ervare op die gebied van biblioteekdienste in die algemeen, behoeftes van gebruikers en hoe om geboue optimaal her aan te wend.
Op aanvraag is mnr. De Wet voorsien van die noodsaaklike agtergrondinligting betreffende gebruikergetalle, -behoeftes, tipes inligtingformate, hoeveelhede, bestaande studie- en seminaarkamergeriewe, asook alle gebouplanne sedert die jare 50 vandat die eerste gebou opgerig is na die brand in 1948, waarin die vorige biblioteek (gesetel in die hoofgebou) totaal verwoes is.

Mnr. de Wet het van ŉ paar beginsels gebruik gemaak, nl:

- Herkenbaarheid van die biblioteek – uitleg van vloere behoort so ver moontlik dieselfde te wees sodat die gebruiker weet wat verwag kan word wanneer hy van vloer na vloer beweeg
- Dienste moet op grondvloer plaasvind, sodat lawaai dan daar gelokaliseer word en nie deur die Biblioteek versprei word nie. ŉ Mens beweeg van geraas op die onderste vloer boontoe, en die geraasvlakke word natuurlik al hoe minder. Derhalwe sou stil studie-ruimtes op die hoër vloere geplaas kon word. (Boumateriaal kan ook aangewend word om bestaande geraasvlakke te help beheer – die huidige gladde oppervlaktes van vloere, mure en trappe veroorsaak intensivering van lawaai.)
- Minder gebruikte voorraad moet in kompakte rakke gestoor word sodat net die nuwer ("browsable") voorraad op die rakke is. Prima spasie kan so gespaar en vir gebruikersbehoeftes aangewend word.

Om ŉ sinvolle herindeling van spasie te maak volgens die behoeftes van die Biblioteekdiens, is dit nodig om die kelderverdieping asook die derde vloer van die bestaande gebou te herwin vir biblioteekgebruik. Tipies kan in die kelderverdieping die berging van materiaal gedoen word, want die fondasie is van so ŉ aard dat dit die gewig daarvan kan dra.



*Argitekvoorstelling van die grondvlak*

## Argitektoniese herevaluering van ruimtes (vervolg)

Die derde vloer kan mettertyd oorgegee word aan die Biblioteek, maar tans is dit voldoende om in die bestaande ruimte die navorsingsmeent in te rig. Alle dienste word gesentreer op die grondvloer en/of ingang. Dit sluit in dat Ferdi's en die groepstudie-lokaal, asook die seminaarkamers van die tweede vloer soontoe verskuif. Interbiblioteeklening skuif na elders op grondvloer en Nashua skuif na Kelderverdieping.

Vakbibliotekarisse bly ook op die grondvloer met 'n aantal OPAC-rekenaars tussen hulle. Die ander rekenaars skuif verder af op die grondvloer en word vermeerder tot 60+. 'n Opleidingslokaal met 40 rekenaars word ook hier ingerig en kan ook deur studente gebruik word indien dit onbeset is. Hierdie is 'n baie sinvolle uitbreiding van die Inligtingsmeent vir die voorgraadse gebruikers en ondervang in 'n groot mate die rekenaarlaboratoria wat tans in die kelder is.

.


Boeke sal dan op die eerste en tweede vloere gerangskik word met genoeg sitruimtes teen die vensters af, sodat bestaande natuurlike lig en lug optimaal gebruik kan word.

Mnr. De Wet skat dat die projek in fases sal moet plaasvind – veral gedurende vakansies – en skat dat dit ongeveer drie jaar kan neem.

Om Dr Larney se woorde te gebruik: "Ons het goeie waarde vir ons geld gekry." Die Biblioteekbestuur is baie opgewonde oor die wyse waarop mnr. De Wet die biblioteekgebou se moontlikhede kon belyn met die behoeftes van personeel en studente. Ons sien daarna uit om in fyner besonderhede na sy voorlegging te kyk, eie voorstelle te maak en dit verder te verfyn.

Dit is belangrik om Fisiese Infrastruktuur en Beplanning, asook die Potchefstroom Kampusbestuur die noodsaaklikheid van die Biblioteek se opgradering te laat besef, sodat dit in die fasiliteitsbeplanning ingewerk kan word en die nodige finansiële ondersteuning en beplanning daarrondom gedoen kan word. Die Biblioteekdienste is terdeë daarvan bewus dat hy relevant moet bly en in die poging om navorsing en onderrig-leer maksimaal te ondersteun, veranderinge sal moet aanbring in dienste, voorraad en fasiliteite en dat dit uiteraard 'n duur belegging sal wees.

## Ferdi's en akademiese diskoerse?



Ja, jy het reg gelees. Ferdi's het Woensdagaand 22 Februarie 2012 tot die akademiese geledere toegetree en die heel eerste akademiese diskoers, genaamd Confabulatia, van die jaar beleef. Die Biblioteek het die drinkgoed geborg vir die geleentheid wat deur die Akademiese Raad gereël is. Die gesprekstema was "Is 21 Desember 2012 die einde van die wêreld?".

Die gespreksleiers was Proff. Rikus Fick (Studente Dekaan) en Frans Waanders (Chemiese- en Mineraal Ingenieurswese). Die rektor (Prof Herman van Schalkwyk) en die twee vise-rektore (Proff. Mariëtte Lowes en Amanda Lourens) het met hulle teenwoordigheid luister aan hierdie eerste geleentheid verleen.



Een-en-vyftig persone het deelgeneem aan die gesprek. Nuwe, of minder bekende en interessante wetenskaplike feite het maar net weer die mens se beperkte kennis onderstreep; en daar is tot die slotsom gekom dat die wederkoms definitief en sekerlik oppad is, maar die tyd weet niemand nie! Die tekens wat nou al sigbaar is van Sy naderende koms, is nie daar ter wille van voorspellings nie, maar is daar om ons te herinner om altyd gereed te wees.

Die volgende Confabulatia vind in die tweede kwartaal plaas en ons sien uit om weer deel te wees daarvan. Die Akademiese Raad sal dit bekendmaak deur voldoende publisiteit en plakkate, en ons glo dat deelnemers aan hierdie geleenthede gaan toeneem in die najaag van die doelwit om akademiese diskoerse aan die Potchefstroomkampus te vestig as deel van studente se groei en interaksie op vele vlakke.

Kom gerus volgende keer en neem deel aan ons studente se geesdrif vir sake van die dag en die hart!

## E-boeke



Ter uitbreiding van die e-boekversameling is daar einde 2011 besluit om in te teken op 'n hoeveelheid Elsevier e-boeke. Met hierdie intekening is 'n addisionele 215 e-boeke tot die versameling gevoeg.

Daar is op 'n paar vakversamelings ingeteken wat slegs nuwe titels wat tussen 2008-2010 gepubliseer is, dek:

Landbou- en Biologiese Wetenskappe
Chemie
Energie
Omgewingswetenskappe
Farmakologie & Toksikologie
Psigologie

Hierdie e-boeke word volledig op ScienceDirect en die Biblioteekkatalogus ontsluit. Die afsonderlike hoofstukke van elke boek kan afgelaai word in PDF-formaat.

## Seminaarlokale

Die Biblioteek stel verskeie seminaarlokale beskikbaar vir groepswerk. Die lokale kan aanlyn bespreek word.





## *Die Bibioteek verwelkom graag die volgende nuwe personeel*


Opvoedingswetenskappe-Biblioteek


Jerry Raolane


Johny Elyon


Lucas van den Heever


Ferdinand Postma-Biblioteek


Andries Chake



Martha van der Walt


Meikie Leshomo



Mpho Makhanikhe


Nkosana Mofokeng


Seka Sizani


Surita Lessing

## *Personeel wat na ander afdelings in die Biblioteek verskuif het*


Hester Lombard


Nestus Venter


Retha Badenhorst

*Artikels saamgestel deur: Corrie Breitenbach, Christine Bronkhorst, Erika Rood, Elize van Eldik, Elsa Esterhuizen, Jubrie Oosthuizen, Louise Vos en Renie Laage*
*Redakteur: Elize van Eldik · E-pos: Elize.VanEldik@nwu.ac.za · Tel: 018 299 2812*
*InfoForum is op die web beskikbaar by http://www.nwu.ac.za/af/library/newsletter/potch/index_a.html*